# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 27 NOVEMBER 2024

## DIE WEGRAPING VAN DIE KERK AAN DIE EINDE VAN HIERDIE DISPENSASIE

Die wegraping van die Kerk is waarskynlik een van die kontroversiële temas van die Bybel. Dit is een wat vir die gereformeerde teologie gladnie inpas by hulle teologie nie, eenvoudig omdat hulle nie glo in God se dispensasies vir die wêreld nie. Sonder 'n begrip van dispensasies gaan die doktrine van die wegraping van die Kerk nie sin maak nie. Die wegraping as 'n feit is 'n belangrike doktrine vir die ware gelowiges. Daniël maak voorsiening daarvoor in Daniël 9; Jesus het dit self onderskryf in Johannes 14; en Paulus verduidelik dit verskeie kere, veral aan die Korinthiërs, Thessalonicense, en Titus.

Daniël kry die openbaring oor die einde van die tye van God af, deur die verklaring van die 490 jaar wat bedoel is om Israel te suiwer en voor te berei vir die Wederkoms van Jesus Christus. Ons het hierdie inligting reeds bespreek in ons studie van Daniël. Ek som dit vinnig op: 490 jaar is opsy gesit om verskeie doelwitte vir **Israel** te bereik. Daarvan is 483 jaar reeds afgehandel, met die kruisiging van Jesus Christus. Die kruisiging het die bedeling van die wet afgesluit en ons is tans in die genade dispensasie. Dit laat sewe jaar oor om Israel voor te berei vir die wederkoms van hulle Koning en Messias. Die Kerk is die verborgenheid wat alreeds in die Ou Testament aangekondig is. Tans het God vir Israel opsy geskuif (Romeine 11:25) ten einde die heidene die geleentheid tot saligheid te gee. Die Kerk is die bruid en Jesus Christus die Bruidegom. Volgens die tradisie van huwelike in die Joodse kultuur, kom die bruidegom onverwags om sy bruid te kom haal. Die kerk moet eers uit die weg geneem word, sodat God weer met Israel as 'n nasie kan werk.

Paulus verduidelik die wegraping in 1 Korinthiërs 15:51 ev.; dan in Filippense 3:20-21; daarna in 1 Thessalonicense 4:13-18; asook in Titus 2:13. Let op dat Paulus hierdie as 'n verborgenheid beskryf. Jesus het dit aan hom openbaar. Waarom sal die Kerk uit die huidige bestel weggeneem word? Ons het reeds geleer van die Antichris wat op die toneel verskyn (Openbaring 6-19) ten doel het om die wêreld te oorheers en om Israel te vernietig. Hierdie is die laaste sewe jaar van die 490 jaar, waarvan die engel vir Daniël onderrig het.

Ons is van mening dat die wegraping voor die aanvang van die verdrukking plaasvind, en nie in die middel of daarna nie. Wanneer ons in Openbaring 2 en 3 lees hoedat Jesus Christus vir Johannes vertel wat om aan die sewe gemeentes te skryf, word die woord "gemeente" 19 keer gebruik. Na die begin van Johannes 4 word die woord nie weer gebruik nie. Indien die Kerk gedurende die verdrukking op die aarde gaan wees, sou Jesus alreeds vir ons leiding gegee het hoe om daarvoor voor te berei. Indien die Kerk gedurende hierdie periode hier sou wees, sou daar geen nut vir die 144 000 verseëlde Jode wees nie. Tans is die Kerk dié een wat die evangelie van God se liefde en redding aan die wêreld verkondig. Gedurende die verdrukking is die 144 000 verseëldes diegene wie dié taak moet verrig. Hierdie evangelisasie poging is op Israel gefokus, wie tans nie die Kerk se boodskap aanvaar nie.

Kom ons kyk wat die oorspronklike taal waarin die Bybel geskryf is, Grieks, oor die onderwerp sê.

1. Harpadzo (Gr. αρπάζω) beteken om te gryp (Eng. "snatch"), weg te neem, en vir die self te neem. Daar is 'n paar voorbeelde in die Bybel van mense wie skielik in die lewe weggeneem is.
    a. Henog (Génesis 5:24 en Hebreërs 11:5);
    b. Elía (2 Konings 2:1);

c. Filippus (Hand 8:39-40. In hierdie geval nie na die hemel nie maar na ‘n ander plek. Die gedagte is egter dieselfde.);
d. Paulus (2 Kor 12:2); en
e. Jesus (Handelinge 1:8-11 en Openbaring 12:5).

In die toekoms gebeur dit met die wegraping van die Kerk (1 Thess 4:17 – harpagēsometha: ἁρπαγησόμεθα) en die twee getuies in Openbaring 12:5 (ἡρπάσθη [hērpasthē]). Paulus beskryf die gebeurtenis as iets so oorweldigend dat hy nie toegelaat is om daaroor te praat nie. Inderdaad, indien jy eenmaal die hemel ervaar het, sou daar geen rede wees om te wil terugkeer nie. Sien Filippense 1:23. Paulus het Jesus reeds in die lewe in die hemel ervaar. Om hierdie rede het hy sy hele lewe gewy aan die verkondiging van die evangelie. Hy het alreeds geweet wat sy prys is. Ek dink ons kan hom maar op sy woord neem.

2. Die woord “wegraping” kom nie as sulks in die Bybel voor nie, maar is ‘n afleiding, gegrond op openbarings feite, dieselfde as die frase “drie-enige”. Die woord “raap”, soos ons dit sal gebruik in “opraap” is ‘n algemene woord in Afrikaans. Ons verstaan daardeur dat ons iets skielik gryp, byvoorbeeld as jy jou selfoon in die water laat val. Jy red die selfoon van die gevolge van blootstelling aan die water omdat hierdie item vir jou belangrik is.

3. Die Latynse Vulgaat gebruik die woord “rapturo”, vanwaar ons die Engelse woord “rapture” kry.

**TEENKANTING**

Daar is teenkanting teen die doktrine van die wegraping. Baie kerke sal in hulle leerstelling aandui dat hulle hierin glo, maar dit word nooit aan die gemeentes as doktrine voorgehou en/of geleer nie. Die blote feit dat iets so belangrik soos die wegraping nie by name genoem word nie, is geen rede om die bestaan daarvan te ontken nie.

Diegene wie voorstanders van die vervangings teologie is, naamlik dat God Israel met die Kerk vervang het, sal die gedagte gebruik om die Kerk in die verdrukking te forseer, selfs al is daar geen eksegese wat dit ondersteun nie. Dalk is hierdie mense die spotters waarvan Petrus skryf in 2 Petrus 3:3. Hierdie spotters is nie net in die wêreld nie; hulle is ook in die Kerk.

Waarom sou mense negatief hierteenoor staan? Dalk omdat hulle nie werklik gered is nie en bloot deur die emosies van Christenskap gaan ten einde nie “uit” te voel nie? Dat Jesus Christus ons uit die komende oordeel red, is iets om oor bly te wees. Ons is nie bestem tot wraak nie, maar tot redding. Sien 1 Thessalonicense 5:1-11. Lees hierdie gedeelte baie goed.

Die gedagte van ‘n wegraping van die Kerk, wat my insluit, is iets waaroor ek elke dag baie opgewonde is. Indien ek geweet het dat daar nie iets soos ‘n wegraping is nie, kon ek mos onverantwoordelik leef en dan later my sonde bely. Ons weet nie wanneer Hy ons kom haal nie. Dit is die aansporing om te leef asof vandag jou laaste kans is om ‘n verandering in ‘n verlore gaande wêreld te maak.

**OPSOMMING**

Vergeet van al die stories wat jy hoor wat die spotters vertel. Lees en bestudeer die Woord met ‘n ontvanklike gees, en God se plan vir jou lewe in Jesus Christus word voor jou oë ‘n realiteit. Die vraag is: Ry jy of bly jy?